

17 Desember

Skrifgedeelte: Psalm 1

Fokusgedeelte: Psalm 1:6

Kies die weg waarop die Here lei

God praat met ons deur sy Woord op verskillende maniere: deur die geskiedenis, deur prosa, deur gelykenisse en hier deur gedigte. In die gedigte, waarvan die meeste deur Dawid geskryf is, wil God Hom ook aan ons bekendmaak en ons leer Wie Hy is en wat ons is.

Wat leer God ons hier in Psalm 1?

God sê dat dit met ons goed sal gaan net as ons nie op die weg van die goddelose gaan nie.

Hoe lyk dié weg en waar loop die weg van die goddelose?

Hierdie weg lei die wandelaar al verder en verder na verlorenheid. Die ouer vertaling beskryf hierdie weg so goed. Eers “gaan” die mens net op hierdie pad, dan gaan “staan” hy op hierdie pad en eindelijk gaan “sit” hy of sy tussen die goddeloses en spotters. Wie hierdie pad bewandel, is soos verlore kaf wat deur die wind uitmekaar gewaai word.

Op grond van God se genade is daar gelukkig ook ‘n ander pad. Dit is die pad van die regverdige wat uitloop op die heerlike einde. Wie op hierdie pad loop, is soos ‘n boom wat by ‘n waterstroom geplant is en heerlike vrugte dra. Dit sal altyd goed gaan met die mens wat hom of haar op hierdie pad bevind.

Kry ons regverdige mense op die regte pad? Psalm 14 en 53, asook Romeine 3, sê aan ons dat daar nie ‘n enkele mens op hierdie pad is nie, selfs nie een nie. Daar is niemand wat regverdig is nie, geen goeie mens nie.

Is daar enige hoop vir ons of enigiemand hoegenaamd?

Ja, tog – uit genade is daar een pad, een weg, een Mens wat volkome regverdig en goed is. Ons Here Jesus Christus is daardie een Mens en daarom die enigste weg. Almal wat op hierdie weg en aan Hom verbonde is, gaan op die ewige heerlike weg na ‘n ewige Vaderhuis.

Sing: Psalm 25:2,6 Ds PJW Linde (Emeritus)